N.G. Gemeente Weltevreden

Afkondigings
30 Januarie 2011

VANDAG: 30 Januarie (TEKS: Filipense 2:1-11)

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds Hettie Wessels
Musiek:	*08:00*	*Christo Bezuidenhout*
	10:00 Kontemporêr:	*Gideon Rademeyer*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)	08:00 & 10:00	Hanno Langenhoven
Kategese vir G 1-6:	08:00 & 10:00	Direk na KIX-kerk
Kapel:	10:00	Ds Hansie Breedt
Kapel:	19:00 (Meditatief)	Ds. Hansie Breedt
Musiek:		*Christo Bezuidenhout*
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	
Kerk:	19:00	Ds. Fourie Rossouw
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

VOLGENDE SONDAG: 6 Februarie (TEKS: Filipense 2:12-30)

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds Hettie Wessels
Musiek:	*08:00*	*Christo Bezuidenhout*
	10:00 Kontemporêr:	*Gideon Rademeyer*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)	08:00 & 10:00	Prop Henry Stopforth
Kategese vir G 1-6:	08:00 & 10:00	Direk na KIX-kerk
Kapel:	08:00 & 10:00	Ds Kobus Sandenbergh
Kapel:	19:00 (Meditatief)	Ds. Fourie Rossouw
Musiek:		*Christo Bezuidenhout*
Kategese: (Gr 7-11)	18:00	
Kerk:	19:00	Ds. Hansie Breedt
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

Kapeldiens Donderdae om 12:00. Hierdie is 'n 30 minute stil-word tyd gedurende die week waarby enige persoon welkom is.

Bybelstudies

Skakel gerus by enige van die onderstaande Bybelstudie-groepe in.

Dinsdae: * Mammas met babas – om 10:00. Bring gerus jou kleinding saam, want hulle word deur bekwame oumas opgepas. Navrae Lizette 083 269 9811 / Mari 072 445 3799.

VIER EN ERVAAR LEWE

* 15:30 Wilgeheuwel Aftreeoord, elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand (tydens skoolkwartale) by nr 54. Ons werk aan die Efesiërbrief van Paulus aan die hand van die Bybelkorkursus, "Christen op Weeksdae". Almal welkom. Navrae dr Willem Saunderson of Les Fischer (082 689 8318)

* Harveston Aftreeoord: 'n Bybelstudiegroep vir Harveston en omgewing word ook in die vooruitsig gestel. Belangstellendes kontak asb. vir dr Willem Saunderson of Ben Greyling (083 442 1187). Besonderhede later.

Woensdae: * 05:45 vir Mans by Ds. Hansie 011 475 0475 / 082 455 5035
* 05:45 vir Mans by Ds. Kobus 011 475 1474 / 082 451 1671
* Woensdae 09:00 in die grootsaal - vir alle belangstellendes. Ons gaan voort met die opwindende tema uit die Openbaringboek, "Hy kom met die Wolke". Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828 of 011 794 9375)

Donderdae: * 08:00 vir Dames in lokaal B7. Navrae: Ds. Hansie
***** 15:30 Donderdae: Jakaranda Aftreeoord, elke 1ste en 3de Donderdag van die maand (tydens skoolkwartale) in die gemeenskapsaal by Jakaranda. Ons is besig met die Efesiërbrief van Paulus aan die hand van die Bybelkorkursus, "Christen op Weeksdae". Navrae: Dr Willem Saunderson of Piet Pretorius (072 502 8009)

Saterdae: * 07:00 vir Mans in lokaal A1. Navrae: George Louw 082 491 5313

Lief & Leed

Diensleraar hierdie week:-
Ds. Hettie Wessels
011 482 7377 / 083 254 6833

Barnabas diensbeurt hierdie week: Anna Vimercati 082 785 6932
Jy kan ook vir Alda Boer (Direkteur Versorging) kontak op 011 475 1597 / 083 261 2700.

- Sophia Swanepoel (011 475 1053 / 084 400 1938) het hierdie week 'n katarak operasie ondergaan.
- Marie-Louise Pansegrouw (076 899 7135) is in die Flora kliniek met trombose in haar been. Die been is na beroerte beskadig.
- Truia Bornman (011 675 2326) se seun Niekie ontvang behandeling vir kanker en kry baie swaar.
- Annatjie Erasmus (082 817 7234) het longkanker en ontvang nuwe behandeling.
- Innige simpatie aan André Grobler (011 958 2298 / 082 256 3764) met die afsterwe van sy vrou, Elsie Grobler.
- Dick Walter het gesondheidsprobleme. Sy vrou is Desha (011 475 1873).
- Belinda Benecke (072 504 9283) se broer, Johan Hoffman, het velkanker wat versprei het.
- Chrissie Pretorius sterk aan na 'n heupvervanging, maar sukkel steeds om te loop. Haar man is Piet (011 958 0298 / 072 502 8009).
- Innige simpatie aan Magda Swanepoel (011 679 4491 / 084 748 1951) en familie met die afsterwe van haar suster, Jean Viljoen.

VIER EN ERVAAR LEWE

- Dit gaan beter met ds Hettie Wessels (083 254 6833) se pa wat infeksie in sy been se weefsel het.
- Kerry Teunen (082 959 2225) het gesondheidsprobleme.
- Thea Vermeulen (083 302 7245) is in Garden City met gesondheidsprobelme.
- Hannelie de Villiers (082 782 2233) se ma het gedurende die vakansie ernstige gesondheidsprobleme ondervind. Hulle was met vakansie in Perth en sy moet nou terugkom van daar af.
- Wihan & Sonet (082 572 9105) Guy se dogtertjie, Lika (2) het haar arm gebreek en moes 'n operasie ondergaan.

Dagboek

- **Werkersklasse:** Elke Donderdag om 14:15 in die Groot Saal.
- **31 Januarie:** Nuwe lidmate ontmoeting om 19:00 in die Groot saal
- **1 Februarie:** Griefshare kursus begin. 'n Kursus wat oor 13 weke strek waarin DVD's gekyk word en gesprekke daarna plaasvind. Dit kan jou help op jou pad van heling na die dood van 'n geliefde. Koste R60 wat 'n werksboek insluit. Navrae: Ds Hansie Breedt 011 475 0475 / 082 455 5035.
- **4 Februarie:** Kerkraadsvergadering om 19:00 in die Groot saal.
- **4 & 5 Februarie** Kerkraad en Gemeentebestuur vergader vir 'n beplanningsessie in die Groot saal. Vrydagaand vanaf 18:30 en Saterdag 07:30 tot ±14:00.

Dienswerk

Daar is baie gebiede waar nood is of hulp verleen kan word. Indien jy van so iets bewus is, kontak asb.vir Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.

Daar is reeds verskeie diensgroepe in die gemeente. Indien jy by enige van die groepe betrokke wil raak of net wil sien wat gedoen word, kontak asb die persoon wat dit koördineer.

* Voorbereidings vir funksies bv. koppies regsit, versierings, opruim, opwas en teeskink op Sondae tydens gemeente gesellighede, kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510

* Begrafnisse (teeskink en/of broodjies maak), kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510

* Erediens-hulp op 'n rotasie basis (bv. groeters, kollektering, plekaanwysers) – kontak Linda

* Blombeurte, kontak Linda 011 475 5510

* Spyseniering van tyd tot tyd, kontak Linda 011 475 5510

* Vervoer van senior lidmate na dokters, eredienste, kontak Alda 011 475 5510

* Verskeie Barmhartigheidsake bv. Barnabas, Kinderhuise, Cosmo City kleuterskool, Sandspruit kliniek, Jan Hofmeyer kleuterskool en vele meer. Kontak Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.

* **Huis Erasmus** Daar word nog dames benodig wat bereid sal wees om maandeliks aan een tienerdogter toiletware te gee en moontlik een item soos bv kitspap of 'n blik Milo vir die huis. Kontak vir Alda Boer by 011 475 5510 of Serina by 083 995 2628. *Baie dankie aan die persone wat reeds aangebied het om te help.*

Ander

- Vir die **opgradering van ons lidmaatregister** het ons alle belydende- en dooplidmate se ID nommers nodig. E-pos asb na skriba@ngweltevreden.co.za of bel vir Christa by die kerkkantoor 011 475 5510. Maak asb. ook seker dat alle ander kontakbesonderhede reg is.

VIER EN ERVAAR LEWE

- Ons Gemeente beskik oor **mediese hulpmiddels**, bv. rolstoele, krukke, ens wat deur gemeentelede gebruik kan word. Kontak asb. die Kerkkantoor indien jy so iets benodig.

Koskas

Ons herinner julle graag aan ons Koskas-projek waar ons weekliks aan lidmate en nie-lidmate kruideniersware verskaf. Die waarde van 'n pakkie is R60. Daar word wel elke Woensdagoggend pakkies uitgedeel, maar elke persoon kry dit een keer per maand. Enige kontantbydraes of kleinmaat nie-bederfbare kruideniersware is welkom en kan by die Kerkkantoor afgelaai word.

Baie welkom aan die volgende belydende lidmate:-

Christiaan Rudolph Jansen van Rensburg	Aasvoëlkop
Willem Boshoff	Gereformeerde kerk Cachet
Annemari van Mazijk (nou Basson)	Gereformeerde Kerk Rietvallei
Jean Basson	Gereformeerde Kerk Rietvallei
Sarel Jacobus Blom	Wellington

➡ French Vanilla, ons EIE koffie- en geskenkwinkel ⬅

Dinsdag tot Sondag. Kom koop julle geskenke en drink 'n lekker cappuccino. Bespreek gerus vir etes / spesiale tee, ens. vir twee en meer persone by Jan Swart (084 383 9033).

Daar is sommer 'n hele klomp etes beskikbaar in Februarie. Bespreek etes asb. by die kerkkantoor: 011 475 5510. (Sien aparte blaadjie)

PARKERING:

U word vriendelik versoek om asseblief nie Sondae op enige van die rybane te parkeer nie. Vir persone wat moeilik loop of gestremd is – voor die kerk en naby die Kapel is al die parkering vir julle gereserveer.
Indien jy die terrein op 'n Sondag agter om ds Kobus se pastorie verlaat, maak asb gebruik van die ONDERSTE hek om uit te ry.

Ter wille van verkeersvloei en die veiligheid van voetgangers word daar nà elke erediens kegels op die draai by die ringmuur gepak. Die groot terrein se verkeer kan dan bo uit ry en die van die onderste terrein by die onderste hek.

Vir enige elektroniese betalings kan die volgende Bankbesonderhede gebruik word. NG Weltevreden, ABSA Northcliff (Takkode: 334 705) Reknr: 730 580 460 Verwysing: Naam + Van + Waarvoor

VIER EN ERVAAR LEWE